

# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKSE



## NO. 6.
## VALLEI VAN WIT BEENDERE

braam le roux

Kobus weet nou wat hy moet doen. Hy beweeg in hulle rigting, vinnig, rats, net toe die eerste een by die tonnel inbuk. Die ander een staan sy beurt en afwag. Die voorste een het geen tree gevorder nie, toe klap die byl in Kobus se hand teen die agterkop van die ander Mtagati. Die Mtagati gil en wil omdraai, maar 'n tweede hou tref hom op sy kop en hy sak inmekaar. Kobus kan niks voor hom sien nie, maar hy slaan maar wild met die byl. Hy kom tree vir tree nader, en skielik voel hy hoe die byl been en vleis raak. Daar is 'n uitroep van pyn en 'n liggaam val hier voor sy voete neer.



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Towenaar | 3 |
| 2. | Die Byl Kap Diep | 12 |
| 3. | Boodskapper Van Die Dood | 21 |
| 4. | Moord In Die Bos | 30 |
| 5. | Trap, Witman! | 39 |
| 6. | Grot Van Die Dood | 49 |
| 7. | Vallei Van Die Towenaar | 58 |
| 8. | Stem Uit Die Wolke | 67 |
| 9. | Die Lyk Verdwyn | 76 |
| 10. | Dans Van Die Byl | 85 |


## HOOFSTUK 1

## DIE TOWENAAR

Majestueus welf die sterbesaaide lugruim oor die donker berge van Zoeloeland. Daar is geen maan in die uitspansel bo nie. Dit is net die lig van die sterre wat die ergste donkerte in die klowe verjaag. Daar is vanaand ook geen luggie wat die boomtoppe teen die hange roer nie, geen suising van wind nie, geen geluide van roofdiere wat ver dra nie.

Hier teen die hang van 'n berg staan die ronde hutte van 'n paar Zoeloe-families skaars sigbaar Twee kampvuurtjies brand helder voor twee strooise. 'n Sagte geneurie van jeugdige swart kinders vul die vars aandlug, maar dit is maar net 'n sagte druising soos die wind wanneer dit tussen die poorte en klipskeure heenskuur. 'n Oomblik gelede het die bokke nog in die takkraal, laer teen die berg af, aanhoudend geblêr, maar op hierdie oomblik is hulle ook stil, stil asof hulle luister na die sagte neuriesang van die kindertjies wat in die grootsheid van hierdie nag vervloei, sag wegdein oor die kranse, stil sterf.

Voor sy smeulende vuurtjie, heeltemal afgesonder van die kindertjies om die ander vuur, sit 'n ou man voor hom in die donkerte en uitstaar. Ou Putsamo staan aan die einde van sy lewe. Hy het op die pad van die lewe gekom waar daar geen uitdraaipad meer is nie, en waar die enigste pad doodloop teen 'n donker bos. Putsamo weet dat hy weldra alleen daardie donker bos sal moet binnegaan. Daar is net een ding wat hom hier voor die groot bos van die onbekende laat stilstaan, laat weifel om binne te gaan. Dit is Marimatso, een van die swart dogtertjies wat daar by die ander vuur saam neurie, dogter van sy seun wat in die oorlog van die Witman gesterf het, en Mahowana, die sterk seun van sy te vroeg gestorwe seun, een van die beste jagters in Zoeloeland, wat vir Putsamo op die pad wat doodloop, laat talm het. Putsamo het sy bokke, sy esels bymekaar gehou, sodat Mahowana kan trou met die vrou van sy drome. Ou Putsamo het gehoop dat Marimatso voor sy dood een van die jong Zoeloes as man sal vat, maar dit lyk asof nog nie een van hierdie twee kleinkinders van hom, wat in sy pad staan na die groot donker bos toe, sin in trou het nie. En dit maak die ou Zoeloe bekommerd, weemoedig.

Putsamo steun as hy vooroor buk om nog 'n stuk hout op die vuur te gooi. Die rook kom in sy oë en laat dit water. Sy peperkorrels is al grys op sy hoof en dit gaan moeilik vir Putsamo om sonder hulp op te staan en in sy stroois in te buk.

Die ou Zoeloe dink weer aan die gerugte wat hier in die krale

rondgaan, gerugte wat die hele Zoeloeland vol lê. Veral die jong swartmans praat van die Groot Mtagati wat uit die aarde uit opgerys het om die Zoeloe-volk sterk te maak. Dit klink vreemd vir Putsamo, want hy het nog nooit in sy jong dae van so 'n magtige Mtagati gehoor wat die hele Zoeloeland wil red nie, en Putsamo kon ook nie agterkom van wat hierdie groot Toordokter hulle wil red nie, want die skure van die Zoeloes is vol, hulle lande mooi, hulle bokke, esels en beeste spekvet. Nou die dag het die gerugte na hierdie kraal toe gekom. Almal het gesê dat die groot Mtagati eis dat elke hoof van 'n gesin van sy bokke en beeste moet verkoop, en dan moet hy die geld aan die Groot Mtagati gee. Almal het hulle bokke en beeste begin aanjaag na Ingwuvuma toe, meer as 120 kilometers van hier af. Maar Putsamo het dit nie gedoen nie. Dit was toe dat die inwoners van hierdie kraal hom begin vermy het. Hulle het hom snaaks aangekyk en soms gesê:

,,Die Mtagati sal wraak neem . . . Sy wraak is verskriklik, verskrikliker as die donder in die klowe.''

Putsamo was effens bekommerd, maar het dan geantwoord:

,,My voorvaders het geen Groot Mtagati geken wat die Zoeloe-volk sulke swaar belastings opgelê het nie. Waar is die Groot Mtagati? Hoekom kom hy nie en spreek ons volk toe nie?''

En toe het 'n groot soldaat geantwoord:

,,Miskien, grysaard, sal die Mtagati jou self kom besoek. Daardie dag sal jy sidder soos die berge sidder wanneer die donder brul.''

* * *

'n Paar dae lank was Putsamo bekommerd oor hierdie woorde. Hy kon die betekenis daarvan nie mooi snap nie, maar vandag het hy dit al amper weer vergeet. Vanoggend vroeg is sy kleinseun, Mahowana, weg om na Ingwuvuma te gaan om eetgoed vir die huis te koop, soos mieliemeel en koffie, waarsonder ou Putsamo nie kan klaarkom nie. Mahowana verkies om na die groot dorp te gaan, so elke twee maande. Putsamo weet dat hy maats daar het, of miskien 'n dorpsvroutjie van wie hy baie hou.

Hier waar hy eensaam voor die vlammende hout sit, voel Putsamo ineens onrustig, onrustig oor die dinge wat om die draai wag. Hy verlang meteens na sy kleindogter, Marimatso. Hy maak sy hande dus bak voor sy lippe en dan skree hy:

,,Marimatso! Marimatso!''

Maar sy stem is al baie swak; dit dra nie ver nie. Die dogtertjies hou maar aan met neurie. Marimatso het hom nie gehoor nie.

Nou sit Putsamo maar weer stil voor hom en uitkyk. Hy lig sy kop vir 'n oomblik op, en nou kyk sy waterogies deur die duisternis. Diep onder in die kloof sien hy die bosse, swart bosse wat soos 'n stroom swart water lyk wat in die kloof geruisloos afvloei. Dan kyk hy op, en net vaag, baie vaag sien sy dowwe oë die hoë bergspitse wat reikhalsend verrys na die sterre.



Putsamo se waterige ogies sien nie die skaduwee wat nou sluipend al met die paadjie opkom uit die kloof nie. 'n Oomblik gelede was hierdie skaduwee 'n swart vlek wat uit die duisternis en diep skaduwees van die bosse in die kloof beweeg het. Dit was soos 'n stuk van die donker bos wat weggebreek het van die ander en teen die steiltes soos 'n gees begin opbeweeg het. 'n Entjie van die rant van die bosse af het die skaduwee gaan staan. In die lig van die sterre bokant hom het die skaduwee stadigaan die vorm van 'n mens aangeneem; dit het gestalte gekry . . . 'n afskuwelike gestalte.

Toe hy weer beweeg, het sy voete nie geraas nie; dit was asof hy geen enkele klip aangeraak het nie, geen grasssprietjie of boomtakkie versteur het nie. Dit was asof hy gemaklik teen die opdraand op beweeg.

Toe hy weer vassteek, terugblik na die donker kloof onder hom en toe weer in die rigting van die singende dogterjties kyk, was sy groot kop sigbaar. En toe hy lank bly staan, kon ook die horings wat uit sy kop groei, gesien word.

Stadig het die gedierte weer begin beweeg, so geruisloos soos die swewende arend bo in die lug. Daar was iets in sy hand, iets wat telkens in die lig van die sterre geblink het, dan weer verdwyn het. Dit was soos die oog van 'n roofdier wat een oomblik vreesaanjagend sigbaar is en die ander oomblik verdwyn as die oog geknip word.

Die gestalte met die groot horings het reg op Putsamo af beweeg.

Daar is nog maar 'n paar treë tussen hom en die vuurtjie waar Putsamo sit. Nou sit die ou Zoeloe op die stomp asof hy onrustig word. Hy skuif rond, kyk dan na agter toe waar die klein deuropening van sy skerm hom aangaap. Dit is ewe skielik asof 'n sesde sintuig die ou Zoeloe waarsku. Dit is nou kompleet vir hom asof oë na hom toe loer. Sy dowwe oë ondersoek al die skaduweekolle om hom waar iemand moontlik kan skuil. Dan probeer hy opstaan, en kreun. Op daardie oomblik kom 'n stem tot hom, 'n hol stem, 'n stem wat bewe soos die stem van iemand wat uit die aarde praat, 'n stem soos dié van 'n Zoeloe wat uit sy graf praat.

,,Moenie haastig wees nie, grysaard. Daar is geen haas nie, nie meer vir jou nie. Jy heet Putsamo, die grys Zoeloe wat geen offer aan die Groot Mtagati gebring het nie.''

Putsamo se keel is skielik droog toe hy probeer sluk. Sy asemhaling

kom nou vinniger. Hy soek in die donkerte om hom, totdat sy oë op die donker vlek buite die ligkring van die vuur val. Vir Putsamo is dit net 'n skaduwee, 'n skaduwee met 'n stem. Die vuur is tussen hulle. Die skaduwee beweeg nie, bly ongeveer ses tree van Putsamo af. Putsamo stotter:

,,Wie is jy, vreemdeling, wat soos 'n skaduwee kom?'' vra Putsamo en sy stem bewe van ouderdom en van vrees. ,,Hoekom staan jy nie in die lig van die vuur nie, sodat ek die gesig van die man kan sien wat my skerm kom besoek?''

,,Jy sien my mos, ou man. Jy kan my maar sien, met jou oë waaruit die lig al begin verdwyn. Die een wat my van aangesig tot aangesig sien, sterf, Putsamo. Putsamo kan my dus sien, want Putsamo gaan sterf—vannag!''

'n Doodse vrees pak die ou man beet. Hy worstel orent, druk op sy kierie en staar met wyd gerekte oë na die skaduwee wat nou skielik nader tree, tot in die lig van die vuur waar die ou man hom duidelik kan sien. Sy bewerige hand gaan na sy keel as hy na sy besoeker staar, as hy die groot beeshorings sien wat aan weerskante van die kop wegstaan. Hy sien die tooisel van vere wat tussen die horings omhoog pryk. Hy sien die krale om sy besoeker se enkels. Maar die sweet slaan op Putsamo se voorhoof uit toe hy die gesig sien, die gesig van 'n swart man wat mismaak lyk. Hy ril en val byna langs die vuur neer. Die wange van sy besoeker het die merke op waar 'n mens hom jare gelede gesny het. Sy arms is naakt en daarop sien Putsamo tatoeëemerke . . . Daar is sirkels en stringe krale op die besoeker se arm uitgebrand.

,,Wie . . . wie is jy?'' stotter Putsamo.

,,Ek is die boodskapper van die Groot Mtagati . . . Ek is ook 'n Mtagati. My boodskap is die dood. Jy was net nie die stem van die Groot Mtagati gehoorsaam nie. Jou bloed, grysaard, moet die dorre Zoeloeland nat maak, dit moet die grond hier voor jou skerm rooi vlek, want niemand mag lewe wat die Groot Mtagati verag nie. Jy het die Mtagati verag . . . Jy het jou bokke en esels nie gaan verkoop nie, jy het die opbrengs nie aan die Mtagati gestuur nie. Nou het ek, die klein Mtagati, gekom om die toorn van die Grote oor jou te blaas.''

Die afgryslike gestalte tree skielik nader. Putsamo keer met sy hande voor sy gesig; hy steier agteruit, val oor die stomp hout waarop hy gesit het, en 'n oomblik later troon die Mtagati met die horings en die afgryslike gesig hier voor hom met 'n byl omhoog gehef. Dan kom daardie byl blitssnel na sy kop. Putsamo gil en skree hierdie keer hard.

,,Marimatso . . . help . . .!''



Maar verder kry hy niks uit nie . . . Die ander woorde versmoor op sy lippe, bly roggelend in sy keel. Die skerp byl het op sy kop neergekom; dit het weer omhoog gevlieg, blinkend in die sterrelig, en vir 'n tweede keer op sy keel neergekom. Net 'n oomblik later het die bloed uit 'n wond in Putsamo se keel gestroom, maar die Mtagati het nog nie opgehou nie. Weer en weer het die byl opgeslinger en neergekom, totdat die ou man se kop verbrysel was.

Die neuriesang van die kindertjies het opgehou toe Putsamo begin gil het. Sommiges het die hulpgeroep nie eens gehoor nie, maar Marimatso het. Sy het haastig by die vuur opgespring en soos 'n hasie na die hut van haar oupa gehardloop. Sy het haar verbeel dat sy 'n skaduwee by die vuur gesien het toe sy aangehardloop kom, maar toe het die gestalte verdwyn. Sy het gedink dat dit Putsamo was wat die skerm binnegegaan het, en het vinniger gehardloop, want sy het geweet dat haar oupa sy laaste entjie pad bewandel.

'n Paar treë van die smeulende vuurtjie af steek Marimatso egter skielik vas. Sy sien iets daar by die vuur, net langs die stomp hout. Sy aarsel 'n oomblik. Dit lyk asof Putsamo slaap, of hy daar by die vuur omgekantel het. Marimatso skrik ineens. Miskien is Putsamo reeds dood. Miskien was dit sy gees wat 'n oomblik gelede die skerm binnegegaan het. Dadelik hardloop die dogtertjie weer vorentoe. By die liggaam van haar oupa steek sy skielik vas. Sy buk oor hom en dan druk sy met haar hande in die bloed!

Met 'n gil vlieg sy op, draai haar vinnig om om te hardloop, maar dan spring daar 'n gestalte by die skerm uit. Sy voel hoe dat sy aan die arm gepak word, en vir 'n siedende oomblik is sy bewus van die wegstaande beeshorings en die afskuwelike getatoeëerde gesig.

Sy skree weer luid, maar dan word sy van die grond af opgelig. Die Mtagati swaai haar oor sy skouer. Sy skop en skree en slaan, maar hy begin aanstap met haar, teen die afdraande af na die bos toe in die kloof.

By die ander vuur spring die kindertjies wat netnou saam met Marimatso gesing het, hulle hutte binne. 'n Paar halfnaakte Zoeloes verskyn. 'n Paar dapperes hardloop in die rigting van die gestalte met die skoppende dogtertjie oor sy skouer. Hulle vorder tot enkele treë van hom af, maar trek dan hulle asem diep en fluister hees.

,,Mtagati . . . die Mtagati se toorn het losgebars oor Putsamo!''

Hulle staar die behoringde figuur agterna totdat hy met die spartelende Marimatso in die bos verdwyn.

Stadig tree die paar mans terug na hulle hutte toe. Met vaal-bleek gesigte kyk hulle na die donker bosse voor hulle. Nou weer is daar geen geluid nie, geen geluid wat verraai waar die Mtagati loop nie.

Skrikbevange sluip die jong Zoeloes tot by die vuur waarom die kindertjies netnou sit en sing het. Hulle praat geen woord nie. Ineens het hulle stom geword. Die dogtertjies waag dit weer na buite.

,,Marimatso . . . waar is Marimatso? Die vreemdeling het haar weggedra. Het julle dan nie wapens nie? Gaan julle so kyk hoe dat die vreemdeling Marimatso wegdra?'' skree een van die ouer dogtertjies wat 'n paar dae gelede haar eie skerm betrek het.

,,Dit is die Mtagati. Ons kan niks doen nie. Dit is hy wat haar kom haal het. Die ou man, Putsamo, wou nie aan die Mtagati glo nie. Nou het die Mtagati sy kleindogter kom haal!''

Dit is ineens asof almal nou bang is, asof hulle nie lus het om hier buite te staan nie. Een kyk in die rigting van Putsamo se stroois. Hy sien die figuur wat roerloos daar by die smeulende vuur lê, en hy fluister hees.

,,Putsamo! Die Mtagati het vir Putsamo doodgemaak! Daar lê hy by die vuur!''

Nou staar almal soontoe, en die moedigste onder hulle begin aanstap na Putsamo se skerm toe, tree vir tree, asof hy 'n wildsbok bekruip.

Binne vyf tree van die roerlose figuur af steek die moedige Zoeloe vas en sy maats agter hom kom ook tot stilstand.

,,Sal ons dit nader waag?'' vra hy.

,,Miskien . . . miskien is die liggaam getoor. Laat ons liewer nie nader gaan nie,'' fluister een terug.

Maar ná 'n rukkie tree die voorste Zoeloe nog nader. Die ander volg hom met ingehoue asem. By die roerlose figuur van Putsamo kniel die jong Zoeloe. Hy sien skielik die taai bloed op die grond, sien die kop van die ou man wat in die grond ingemoker is. Op die grond is dit net 'n swart vlek, maar die oomblik toe hy dit gesien het, het sy oë geweet dat dit bloed is en kon sy neusgate ruik dat Putsamo se bloed die grond verkleur het.

Hy staan vinnig op, staar na die ander manne.

,,Putsamo is dood. Kyk!''

Die halfnaakte swartmans staar na die figuur. Ook hulle sien later die donker vlek op die grond om die liggaam. Naby die vuur lyk die kol al rooier, want die gloeiende vlamme gooi soms 'n skynsel tot teenaan die liggaam van Putsamo.

,,Laat ons die lyk wegneem na die kaptein toe,'' stel die dapperste voor, ,,en laat ons die wit polisiemanne gaan vertel wat ons gesien het.''

Net hierdie woorde laat die ander sidder.

,,Neë, laat staan die lyk. Dit is die Mtagati s'n . . . Laat hy dit kom



haal. Putsamo het vir ons gelag toe ons ons bokke en esels gaan verkoop het. Ons het hom gewaarsku dat die Mtagati hom sal kom haal. Nee, laat staan die lyk!''

Die spreker draai dadelik sy rug op die lyk en begin aanstap na sy hut toe. Die een ná die ander volg die origes sy voorbeeld, todat die eerste Zoeloe wat oor die lyk gebuk het, bly staan. Sy oë is groot gerek. Dit is asof hy nie kan wegkom van die vuur en die lyk af nie. Dit is asof iemand vir hom fluister dat hy iets moet doen. Putsamo kan nie hier bly lê nie. Vannag sal die wolwe hom ruik en hom hier kom haal.

Daar ontstaan 'n innerlike tweestryd in Tsepo. Hy glo ook soos die ander in die mag van die Toordokter, maar aan die anderkant dink hy aan die wet van die Witman. Die Witman sal hierheen kom en hulle sal dink dat die mense van hierdie kraal vir Putsamo vermoor het. Hy moet dit aan hulle gaan vertel . . . hy moet na die naaste polisiestasie toe gaan en die Witman van die moord op Putsamo vertel . . . maar wat sal dan van hom word? Wat sal die Mtagati dan aan hom doen? Miskien sal hy hom ook kom doodmaak . . .

Tsepo se voorhoof is ineens nat van die sweet. Die kraal is nou 'n doodse stilte gehul. Daar is nog geen maan aan die hemelruim nie. Hy dink vinnig. Ndumo, die naaste polisiestasie, is dertig kilometer van hier af. Dan is daar Ingwavuma, die groot dorp waar meer polisie is, maar die lê verder suid, baie nagte se reis van hier af. Die polisiestasie op Ndumo is die naaste. Hy sal soontoe gaan.

Ineens laat vat hy by hierdie laaste gedagte. Hy snel terug na sy strooís en sy jong vrou toe. Sy kyk hom met groot oë aan terwyl hy sy assegaai haastig van die grond af optel waar dit in die hoek naby sy slaapmat gelê het.

,,Tsepo, waar gaan jy heen?'' vra sy angstig.

,,Ek . . . ek gaan die Oemlunga (witmense) van die moord vertel . . . van Putsamo . . . enne die vreemdeling wat Marimatso ontvoer het.''

Die jong dogtertjie se neusvleuels bewe.

,,Jy durf dit nie doen nie, Tsepo! Die Mtagati se toorn sal na jou toe keer. Sy sterk asem sal jou doodmaak!''

,,Hy sal nie, my vrou. Die wit polisie is sterker as die Toordokter. Putsamo is vermoor. Marimatso is deur hierdie vreemde een weggedra. Ek moet hulle dit gaan vertel.''

Skielik verskyn daar twee Zoeloes by die deur van die skerm. Hulle buk 'n oomblik later na binne.

,,Wat hoor my ore, Tsepo? Die Mtagati sal sy boodskapper na jou toe stuur om jou dood te maak. Jy moenie met die wit polisie gaan praat nie. Dit is verkeerd. Die Mtagati is sterker as die wit polisie. Jy het gehoor wat ons wakker kaptein. Panza. gesê het. Panza het gesê

dat die Mtagati gekom het om ons grond vrugbaar te maak . . . die Zoeloe-volk sterk en ryk. Panza het gesê dat as ons nie vir die Mtagati ontsag het nie, die Zoeloe-volk aan siekte sal doodgaan.''

Ineens is Tsepo nou nog meer gedetermineerd om die polisiestasie te bereik. Putsamo was 'n goeie ou man, en Putsamo het gesê dat die voorvaders nie soveel mag aan die Mtagati toevertrou het nie. Hy onthou nou baie goed dat Putsamo gesê het dat die Mtagati die volk wil verlei. 'n Doodse vrees het hom nog steeds in 'n knellende greep, maar hoe meer hierdie manne hom teenstaan, hoe meer voel hy dat dit sy plig is.

'n Paar minute later vertrek hy met sy assegaai in sy hand. Die manne van die kraal staar hom agterna. Hy hardloop teen die steiltes af, klippe rol onder sy voete uit. Hy kom nou nader aan die bos waarin die Mtagati 'n oomblik gelede met die dogtertjie verdwyn het. Maar Tsepo is nou nie meer so bang nie. Hy moet deur die bosse gaan, al met die kloof af om deur 'n diep poort te gaan, op pad na die polisiestasie op Ndumo.

* * *

Ver voor hom in die donker bosse beweeg die gestalte met die oshorings op sy kop nog steeds deur die duisternis. Marimatso het opgehou om te spartel, want die gestalte met die horings het haar telkens op die grond neergelê en wanneer sy skree, het hy haar begin verwurg. Sy is op hierdie oomblik byna dood. Sy haal swaar asem, en die verdriet sit in haar keel vas.

Die Mtagati het haar nou weer oor sy skouers en hy trap 'n pad deur die struikgewas.

'n Paar keer gaan die figuur met sy afskuwelike horings staan en dan luister hy aandagtig of hy nie agtervolg word nie, maar hy hoor niks agter hom aankom nie, en dan stryk hy weer aan.

Eindelik gaan staan hy aan die kant van die bosse. Hier voor hom is 'n groot oop ruimte met enkele rotsblokke tussen die hoë gras. 'n Paar honderd tree verder is die nou poort waardeur hy moet gaan om hierdie jong bokkie te gaan offer. Hy sit Marimatso langs hom op die grond neer. Die aaklige gestalte is nou self uitgeput van die lang ent deur die bosse en bome. Hy voel ook honger en dors. Hy kyk met 'n grynslag af na die dogtertjie wat haar oë nou oopmaak.

Agter die berge uit het 'n halwe maan nou tevoorskyn gekom en die strale maak die swart vel van die dogtertjie blink. Marimatso staar na haar ontvoerder met wyd oop oë. Sy kan hom nou goed sien: die hooftooisel van vere en horings op sy kop, die vreesaanjagende gesig,



byna asof iemand hom lank gelede in 'n geveg met 'n mes in sy gesig begin kerf het. Dit is 'n besonder lang Zoeloe. Marimatso het nog nie so 'n lang man in hulle kraal gesien nie.

Skielik kyk Marimatso terug in die rigting van waar hulle gekom het. Vrees pak haar opnuut beet. Sy beweeg effens om vinnig op haar voete te kom, maar die vreemdeling het haar bewegings opgemerk. Hy gryp haar aan haar hand.

,,Moenie probeer vlug nie, Marimatso. Jy kan nie vlug van die toorn van die Groot Mtagati nie,'' praat die vreemdeling in 'n diep stem.

,,Wat wil julle met my maak? Wat het ek te doen met die Groot Mtagati?''

,,Wat het jy met hom te doen? Jou oupa, Putsamo, het geen offers aan die Groot Mtagati gebring nie. Hy het vir die ander gelag wat dit gedoen het. Daarom het die Groot Mtagati hom vanaand op Putsamo gewreek. En jy is nou die bokkie wat vir die Groot Mtagati geoffer moet word, om die skuld van Putsamo uit te wis.''

Marimatso voel hoe dat haar keel toetrek. Sy sluk swaar en loer weer terug na die donker bosse toe. Ineens besluit sy dat sy gaan vlug. deur die bosse, net solank soos sy van hierdie gedierte kan wegkom. Sy kom vinnig orent en op daardie oomblik hoor sy 'n geraas agter haar . . . soos van iemand wat deur die boomtakke beweeg . . .